**Donderdag 9 Julie**
**Skrifgedeelte: Numeri 14:1-19**
**Fokusgedeelte: Numeri 14:18, 19**

## Vergewe tog die sonde van hierdie volk in u groot liefde

Soos tevore met die krisis van die goue kalf (Eks. 32) wys Moses die Here op die feit dat as Hy die volk uitwis, sal al die ander volke kan dink dat God inderdaad nie almagtig is nie, omdat Hy nie in staat was om die volk deur die woestyn in die beloofde land te bring nie. ’n Uittog sonder ’n Intog sal nie sin maak nie.

Gevolglik laat die Here sy teenwoordigheid sigbaar word by die tent van ontmoeting. Almal kom onder die besef van God se almag en majesteit. Moses pleit egter by die Here om nie sy volk dood te maak nie. God se almag het tog immers ook ’n ander kant. Hy het die mag om te vernietig, maar Hy het óók die mag om lief te hê en te vergewe. Albei kante van God se mag kom dan na vore wanneer Hy aan Moses se pleitrede gehoor gee. Die wat sy gesag uitgedaag het, sal eers almal moet uitsterf, maar die wat nie opstandig was nie, sal Hy vergewe en laat bly lewe. Kaleb en almal wat aan Hom getrou was, sal Hy later in die land wat hulle gaan verken het, laat ingaan.

Die twee kante van God se almag het ook na vore gekom op Golgota. Die mens se opstand teen God is gestraf met die dood. Maar juis daarin is God se almag om lief te hê en te vergewe, geopenbaar. Elkeen wat in die Seun van God glo, ontvang die ewige lewe. Sy almag bewerk vergifnis en genade, maar ook die skrikwekkende keersy van die dood vir hulle wat nie wil glo nie. Albei kante van sy almag is die werklikheid waarmee ons moet rekening hou.

*Sing: Psalm 103-1:6 ,7, 8*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*